Publication: Rapport (Free State), Beleef
Date: Sunday, February 21, 2021
Page: 16

Nico van Gijsen

Raad met jou rande

Slegs jý bepaal wie wat gaan erf

Die reg om jou goed te bemaak soos jy wil, is in die SA reg baie sterk gevestig

Ons kyk vandag na enkele haakplekke met gesamentlike testamente. Dit is waar twee persone besluit om een testament, 'n gesamentlike testament, op te stel.

Dit is 'n onderwerp wat kort-kort opduik in briewe van lesers. En dit is vir my baie duidelik hieruit dat daar bitter min begrip is oor wat 'n gesamentlike testament behels. In sommige gevalle, lei ek af, is dit maar bloot 'n aanvaarding dat 'n man en vrou saam 'n testament moet opstel.

Dit is nie waar nie. Elke persoon het die reg om oor sy of haar eiendom te beskik soos hy of sy wil. Of jy getroud is, of nie. En selfs al is jy binne gemeenskap van goed getroud, is dit nie nodig om saam 'n testament op te stel nie. Elke party in so 'n huwelik het die reg om oor sy of haar halwe aandeel in die gemeenskaplike boedel te beskik, soos hy of sy wil.

En verder, as julle wel saam 'n testament opgestel het, staan dit elkeen vry om later sy of haar eie nuwe testament op te stel. En daarin kan jy dan, as jy binne gemeenskap van goed getroud is, oor jou helfte van die gemeenskaplike boedel beskik soos jy wil. Jy hoef nie eens die ander party in te lig oor jou besluit nie.

En nog verder, selfs al het julle ooreengekom om op 'n bepaalde manier te bemaak, is die ooreenkoms nie afdwingbaar nie. Inteendeel, die ooreenkoms is uit die staanspoor nietig. Kortom, dit is asof julle nooit so 'n ooreenkoms aangegaan het nie. Laat staan nog jou probeer bind daaraan.

Laat 'n kundige jou testament opstel.

As een sterf is testament tot niet

Kom ons kyk nou meer spesifiek na gesamentlike testamente. Dit is in die eerste plek nie beperk tot huweliksmaats nie, hoewel dit meesal die geval is. Enige twee persone kan saam 'n testament opstel.

Ondanks die feit dat 'n gesamentlike testament opgestel is, word dit as twee testamente hanteer waarin elke party se boedel en bemakings afsonderlik hanteer word. Sover dit my betref, het gesamentlike testamente meer te doen met sentiment as praktiese oorweginge.

Die een probleem wat kan opduik, is dat byvoorbeeld twee huweliksmaats saam 'n testament opstel waarin hulle hul bates aan mekaar bemaak. En dat die testament dan net sal geld as die testament van die eerssterwende. Byvoorbeeld, Pa en Ma stel saam 'n testament op en bemaak aan mekaar. Pa gaan dood en Ma erf nou alles. Maar Ma vergeet om 'n nuwe testament op te stel, met die gevolg dat as sy te sterwe kom, sterf sy intestaat. Dit is sonder testament.

En dan tree ander reëls in werking. Mense wat sy nie bedoel het om te erf nie, kan dalk erf. En as ek so kyk na wat in ons howe aangaan, kan selfs 'n nuwe liefde wat intussen in haar lewe verskyn het, intestaat van haar erf - in gelyke dele met haar kinders, of kleinkinders.

Kortom, kry jou testament opgestel deur 'n kundige. En doen dit verkieslik nadat julle behoorlike boedelbeplanning gedoen het. Daar is ander slaggate ook benewens testament-vangplekke.

Testeervryheid, dit bly jou besluit

Op dié punt wil ek vlugtig die kwessie van boedelsamesmelting aanraak. Boedelsamesmelting vind plaas waar twee mense in 'n gesamentlike testament hul afsonderlike boedels, of 'n deel daarvan, laat saamsmelt in een gemeenskaplike boedel by die dood van die eerssterwende.

Die testament sal dan bepaal watter voordeel die langslewende uit die saamgesmelte boedel sal verkry, asook hoe die boedel uiteindelik sal verdeel by die dood van die langslewende van hulle.

Sou dit die bedoeling wees met 'n gesamentlike testament, om die twee boedels te laat saamsmelt in een boedel by die dood van die eerssterwende, dan moet dit baie duidelik in die testament omskryf word. Daar is 'n vermoede in ons reg teen boedelsamesmelting. Nog 'n rede om tog maar kundige hulp te kry.

Ondanks jul gesamentlike testament, waarin julle ooreengekom het om jul boedels te laat saamsmelt by die dood van die eerssterwende, en ooreengekom het op die voordeel uit die saamgesmelte boedel vir die oorlewende, en saam besluit het oor die bemaking van die ander bates in die saamgesmelte boedel, is die twee partye wat die testament opgestel het, steeds nie gebind daaraan nie.

Jy kan steeds te enige tyd 'n eie ander testament opstel. Testeervryheid, die reg om jou goed te bemaak soos jy wil, is in die Suid-Afrikaanse reg baie sterk gevestig.

Selfs ná die dood van die eerssterwende het die langslewende, in die geval van boedelsamesmelting, die reg om te besluit of hy of sy die voorwaardes van die boedelsamesmelting wil aanvaar, of nie.

Word dit nie aanvaar nie, verval die boedelsamesmelting en word daar net met die bates van die oorledene gewerk. Uiteraard val die voordeel wat die langslewende hieruit sou kry weg.

Net 'n laaste slaggat vir vandag … ja, belasting. As dit wat jy weggee in 'n boedelsamesmelting meer is as wat daaruit verkry word, kom geskenkbelasting ter sprake. Maar meer hieroor dalk 'n volgende keer.

■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.